

BOEKBESPREKINGS

De Graaf, H. J.: Catalogus van de Handschriften in Westerse Talen toebehorende aan het Koninklijk Instituut voor Taal-, Land- en Volkenkunde (Den Haag), pp. 172, Martinus Nijhoff, 's-Gravenhage, 1963.

Die Koninklijke Instituut in Den Haag is 'n geleerde instelling wat die versameling en studie van materiaal oor die Nederlandse oorsese bedrywighede, hoofsaaklik in die Ooste, beoog en wat kan terugkyk op 'n lang en ryke tradisie wat oor meer as 'n eeu strek, met sy eie publikasiereeks *Bijdragen* waarvan die eerste deel dagteken uit 1848. In hierdie reeks het die eerste pogings tot katalogisering van Westerse handskrifte al van die vroegste jaargange begin verskyn. Dis interessant om daarop te let dat onder die aansienlikste handskrifaankope, die nagelate stukke is van die gewese goewerneur-generaal van N.O. Indië, Joan van Hoorn, skoonseun van Abraham van Riebeeck (die seun van die stigter van Hollands-Suid-Afrika), en self eens kommissaris aan die Kaap. Hierdie versameling wat in talryke genummerde handskrifte in die huidige katalogus teruggevind word, is in 1867 reeds verkry.

Van die versamelings in die Instituut het sedert 1898 twee katalogusse van die landkaarte verskyn, een (met drie supplemente, en 'n vierde in voorbereiding) van boeke- en tydskriftebesit, drie (oor Oosterse tale) en 'n prentekatalogus wat tans voorberei word. By hierdie omvangryke bibliografiese arbeid, kom nou die katalogus deur 'n bekende kenner van kultuur en historie van Nederlands-Indië, dr. H. J. de Graaf. Dit bevat 'n wetenskaplike verantwoording van die 824 handskrifte in Westerse tale waaroor die Instituut beskik, die jongste 'n skenking van 9 Mei 1963, met opgawe (waar moontlik) van outeur, titel, omslagtitel, beskrywing van handskrif, herkoms, aanwesigheid elders, en diverse opmerkings.

Vanselfsprekend val die oog eerste op handskrifte wat op die Kaap die Goeie Hoop betrekking het. Daaronder vind ons o.a. afskrifte van resolusies ter see en aan die Kaap van die repatriërende goewerneur-generaal Joan van Hoorn (1709), „Consideratien (1687) oor kolonisasie aan die Kaap, finansiële gegewens (1762) oor die Kaap en 'n afskrif van die „Accoord” van die kommissaris Aernout van Overbeke en die Kaapse Politieke Raad „en den Hottentotesen Prince Mank'khagon alias Schacher . . . erfheer van den lande aen Cabo de Boa Esperance . . . dd. 19 Apr. 1672”.

Daar is voorts Van Hoorn se briewe van die Kaap na Batavia (1709-1710), 'n reisverhaal van die goewerneur-generaal P. G. van Overstraete van die Kaap na Batavia (1781) en 'n afskrif van die bekende instruksie van H. A. van Reede tot Drakenstein aan Simon van der Stel (16 Julie 1685).

Verreweg die interessantste handskrif van Suid-Afrikaanse belang is W. B. E. Paravicini di Capelli (kaptein en aide de camp by die goewerneur J. W. Janssens) se joernaal „Reize in de Binnen-Landen van Zuid-Africa, gedaan in den jaare, 1803”, 'n stuk van 224 folio-bladsye wat hopelik deur ons Van Riebeeckvereniging in 1965 uitgegee sal word.

W. J. de Kock.

Brink, André P.: Die verhaal van Julius Caesar, pp. 135, Human en Rousseau, Kaapstad, 1963.

Met gebruikmaking van die gewone bronne asook van sekere belangrike literatuur oor die onderwerp, word hier 'n kort maar boeiende biografie van Julius Caesar weergegee. Die werk gee nie voor om 'n diepgaande studie te wees of om met nuwe materiaal voor die dag te kom nie. Sy groot verdienste is dat op 'n baie vlot manier

oor 'n baie interessante onderwerp geskryf is, sodat iedereen dit met plesier, amper soos 'n roman, sal lees.

Caesar is altyd 'n indrukwekkende figuur. Ongetwyfeld was hy 'n groot veldheer, maar bowendien het die geluk hom altyd gevolg. Soos baie ander groot veldhere, in die tyd toe oorlog nie in die eerste plek uit stellingoorlog of uitputting van die vyand se ekonomie en moraal bestaan het nie, het hy seker meer geluk gehad as baie ander, sonder dat dit aan die feit afbreuk doen dat hy die voordeel van die onverwagte en van spoed baie goed begryp het. Daar is 'n wrange humor in die feit dat hy sy druiwe nie teen sy vyande tegekom het nie, maar in Rome en deur Romeine uit die weg geruim is.

Hy is natuurlik ook 'n heroïese figuur. Of die moderne tyd en die moderne geskiedskrywing bereid is om hom feitlik in alle opsigte as held en ideaal te beskou (soos van Alexander ook geld), is 'n ander vraag. Al moet ons rekening hou met die tye van Caesar en hom teen daardie agtergrond sien en dus in baie opsigte sy wreedheid en meedoënlose optrede teen sy vyande anders beoordeel as wat ons dit in die moderne tyd teen 'n agtergrond van humanisme en die Christelike leer sou beoordeel (die uitmoor van volkstamme en sy optrede teen 'n Vercingetorix is maar enkele voorbeelde), bly die feit dat die wêreld vir hom 'n speelterrein was. Dit was dus moeilik om saam met die skrywer Caesar te sien as die man wat besef het dat dit sy taak was „om die grênse van Rome uit te brei oor die aarde, om 'n nuwe, waardige lewe beskikbaar te stel aan barbare” (p. 35). Eweneens, om die verowering van Gallië op te som met die woorde: „Nou is hulle (die Galliërs) Romeine, deel van een groot ryk waarin alle mense gelyk is” (p. 71), het so 'n bekende klank in meer moderne tye dat slegs 'n onverwoesbare bewondering vir Caesar as verklaring daarvoor kan dien. So ook (p. 48) „Hy sou dié kenmerk altyd behou: om nooit onnodig bloed te verspil nie en altyd genade te betoon tensy dit absoluut onmoontlik is.”

Die werk is 'n biografie. Miskien is die agtergrond van die laaste eeu van die Republiek daarom enigsins verwaarloos. Dit maak 'n begrip van 'n figuur soos Caesar moeiliker, as die komplekse ontwikkelingsgang van die Republiek in dié periode nie in ag geneem word nie. Aan die een kant staan die feit dat die struktuur van die Republiek vir 'n stadstaat beplan is; aan die ander kant die feit dat die Republiek tot 'n wêreldryk uitgegroeï het; die stryd tussen die massa en die adel; die magspisio van die Senaat wat egter terselfdertyd nie in staat was om die ryk na behore te regeer nie; 'n moraal, 'n lewensopvatting, 'n ekonomie wat vir ons taamlik vreemd is.

Die leser tref in die boek enkele minder belangrike punte aan waar 'n vraagteken gestel kan word. Op verskillende plekke lees ons van Mithradate; Marius word op p. 11 genoem, maar die oningewyde sal nie weet wie dit is nie; praetores word as magistrate aangedui (p. 10); ons lees dat Caesar homself verkiesbaar stel as aedile (p. 26) en die quaestor word as belastinggaarder aangedui. Dit is puntjies van minder belang en doen nie daaraan afbreuk dat ons 'n boek het wat baie goed leesbaar is en boeiend geskryf is nie. Ongetwyfeld is dit 'n boek wat tereg deur baie verwelkom sal word.

P. van Warmelo.

De Kock, Victor: Those in bondage, An account of the life of the slave at the Cape in the days of the Dutch East India Company; pp. 240, R2-50, Union Booksellers Ltd., Pretoria, 1963.

Victor de Kock beskryf in hierdie werk op lewendige wyse verskillende kante van

die slawebestaan in die ou Kolonie, soos die slawevoer per skip na Kaapstad, die soort werk wat die slawe moes verrig, hul verhouding tot die blanke meesters, hul opvoeding, geloof en bygeloof en hul verset en weglopery, waarvoor hulle volgens die strenge strafreg van daardie tyd swaar gestraf is.

De Kock skryf vlot en onderhoudend oor baie aspekte van die slawerny, maar hy is nie diepsinnig oor die sielkundige verhouding tussen meester en slaaf nie, hoewel hierdie verhouding die mens van ons tyd die meeste interesseer. Ek is jammer dat hy bv. nie die voortrefflike boek van die Surinamer prof. R. A. J. van Lier oor die betrekking van blanke meester tot swart slaaf (*Samenleving in een grensgebied... Een sociaal-historische studie van de maatschappij in Suriname*, Den Haag, 1949) gelees het nie. Wel het hy die emosionele, maar weinig deeglike werk van L. C. Vrijman, *Slavenhalers en slavenhandel* (Amsterdam, 1937) geraadpleeg sonder om dit te vermeld in sy lys van gebruikte literatuur, en het hy twee afbeeldings van die slawerny in Suriname teenoor bls. 48 en 49 van sy boek ontleen aan die bekende fraaie werk van P. I. Benoit, *Voyage à Surinam* (Brussel, 1839), wat ook te vinde is in Vrijman se werk. Die skrywer het meer afbeeldings van ou Kaapse huise as afbeeldings van Kaapse slawe opgeneem, hoewel daar belangwekkende illustrasies met slawe in die Kaapkolonie beskikbaar is.

De Kock oortuig sy lesers daarvan dat die slawerny in die Kaapkolonie in die algemeen beskou, 'n milder karakter gehad het as in Amerika. Buitelandse besoekers, o.a. Britte, het opgemerk dat die Kaapse slawe beter behandel is as hul lotgenote op die Wes-Indiese plantasies, en dat slawe wat op veilings verkoop is in die Kaapkolonie, nie uitgeklee en betas is nie, soos in Suid-Amerika (o.a. Suriname) die gewoonte was nie. Die getuienisse van die buitelanders het des te meer waarde omdat elke nasie daaraan gewoond was weens nasionale motiewe, om die behandeling van slawe deur ander volke te beskryf as ongunstiger as die bejeëning deur die eie nasie.

Die outeur gee geen verklaring van die betere behandeling van die slawe in die Kaapkolonie nie. Die verklaring is volgens my mening kortweg, dat die slawerny in Suid-Afrika 'n meer paternalisties en 'n minder kapitalisties karakter gehad het as in Amerika.

Die rede hiervoor moet in die eerste plek gesoek word in die feit dat die magtige Verenigde Oost-Indiese Kompanjie in en naby Kaapstad gewaak het oor die behandeling van die slawe deur sy personeel en deur blanke eienaars. Daar kan baie kwaad van hierdie monopolistiese handelsliggaam gesê word, maar indien nodig, het hy snel en streng opgetree jeens opstandige slawe, maar ook jeens harde slawemeesters. Die Kompanjie het egter min toesig en seggenskap oor die veeboere ver van Kaapstad in die agterveld gehad. Dog die boere was te arm om baie slawe te besit en het die mense meer soos familieleden as onmondige lyfeiene beskou.

In die tweede plek het die aard van die ekonomiese stelsel in die Kaapkolonie 'n milde behandeling van die slawe bevorder. Daar was oor die algemeen drie soorte slawe te onderskei: (1) veldslawe op plantasies, wat ongeskoold was, onder streng tug gestaan het, dikwels hul eie voedsel moes kweek en min geleentheid gehad het om geld vir eie rekening te verdien en hulself vry te koop; (2) huisslawe, wat dikwels weinig werk had en meestal goed behandel is, maar wat weinig geskoold was en min kans gehad het om geld te verdien deur vir ander mense te werk; (3) ambagslawe, wat geskoold was, bv. as kok, timmerman, messelaar, kleremaker, musikant of matroos, en wat dikwels geleentheid gekry het om vir hulself te werk, geld te verdien en hulself vry te koop.

Die getelsverhouding tussen hierdie soorte slawe het sterk gewissel, afhanklik van die soort van kolonie. Daar was drie tipes kolonies: die plantasiekolonie, die volksplanting en die handelspos.

In tropies Amerika en Wes-Indië, soos Guiana, het die plantasiekolonie gedomineer. Daar was die veldslawe in die meerderheid, was die aantal huisslawe kleiner en die aantal ambagslawe gering. Veral in Guiana en op die Wes-Indiese eilande, waar die kommersiële Wes-Europese volke kolonies had, en in minder mate in Latyns-Amerika en die Verenigde State was die plantasie 'n tipies kapitalistiese grootbedryf. Dit het gestreef na maksimale geldwins, het roofbou toegepas op die grond en die personeel en het van sy slawe en blanke personeel baie en harde werk geëis. Die plantasies was ver versprei en afgeleë en berigte van mishandeling van slawe het weinig deurgedring tot die outoriteite in die bestuursentra. Bowendien had die outoriteite belange met die planters gemeen gehad en het hulle wreedhede van planters en hul opsigters daarom dikwels lig gestraf. In dié kolonies was die behandeling van die slawe die slegste en weglopery en opstandigheid die ergste.

Daar was by Kaapstad 'n klompie grootlandboubedrywe waar koring en wyndruiwe gekweek en slagvee geteel is, waar meer as honderd slawe per plaas gewerk het en wat vergelyk kan word met plantasies. Maar die Kompanjie had altyd 'n wakende oog op daardie plase gehou en die behandeling van die personeel op dié plase was dan ook meestal behoorlik.

Die tweede vorm van kolonie was die volksplanting van blanke boere en handwerkers wat vanuit Europa gestig is in ander wêrelddele met 'n nie-tropiese klimaat, met name in Noord- en Suid-Amerika, Suid-Afrika, Australië en in 'n mate ook Nieu-Seeland. Die blankes het slegs weinig of geen slawe gehad nie, omdat hulle te weinig kapitaal had om slawe te koop en omdat vry-arbeiders in daardie streke meer werk kon verrig as slawe.

Die binneland van Suid-Afrika beantwoord aan die volksplanting as tipe van kolonisasie. Ek het reeds vermeld, dat die veeboere in die agterveld min slawe gehad het en hulle meestal goed behandel het.

Die derde kolonisasievorm was die handelspos, „factorij” genoem, wat meestal ook gedien het as smokkel- en verversingspos. Hierdie tipe van nedersetting was talryk en oor die hele wêreld buite Europa versprei. In Wes-Indië was die Nederlandse eilande Sint Eustatius en Curaçao opslagplek en slawedepot vir die handel en smokkelary met die vasteland van Amerika. Plantasies was daar weinig in getal. Die slawe was daar in depot om uit te rus van die kwaai vervoer vanaf Afrika. Die bou en herstel van pakhuisse, die koms van baie skepe om te los en te laai en die vraag na vate en kaste vir verpakking het 'n groot vraag geskep na ambagslawe. Hierdie soort slawe was op handelsposte betreklik talryk en as arbeiders gewaardeer.

Die Kaapkolonie is gestig as louter verversingspos, as 'n herberg aan die Oseaan, wat in weerwil van die Kompanjie egter ook 'n handelspos, meer nog 'n smokkelstasie, en later ook 'n volksplanting geword het. In Kaapstad was daar dan ook baie werk vir ambagslawe, veral vir die uit beskaafde lande soos Voor-Indië, Malakka en Oos-Indië, wat alle ambagte vakkundig beoefen het.

Die ambagslawe en die huisslawe, wat die beste behandeling geniet het, was dus in die Kaapkolonie ver in die meerderheid. Die ekonomiese gesteldheid van hierdie gebied gee m.i. 'n afdoende verklaring vir die gewoonlik redelik goeie behandeling wat slawe alhier tebeurt geval het.

De Vries, S. en Luykx, Th.: Elseviers Historische Atlas, f. 19, 50. Elsevier, Amsterdam-Brussel, 1963.

Elseviers Historische Atlas (samengesteld door de Nederlander Drs. S. de Vries en de Belg prof. Dr. Th. Luykx) is de jongste Nederlandse geschiedkundige atlas. Hij tracht tegemoet te komen aan de behoeften van de vele mensen in deze tijd die gehaast zijn en daarom prijs stellen op bundeling van kennis op verschillend gebied, op bondigheid, overzichtelijkheid en ruim gebruik van het beeld ter ondersteuning van het gedrukte woord. In *Elseviers Historische Atlas* (E.H.A.) vindt men (a) een overzicht van de vaderlandse en de wereldgeschiedenis in slechts 32 bladzijden met bovendien 4 afbeeldingen op elke bladzijde, (b) een reeks „historiografieken” op blz. 41-88, welke een soort van „veredelde” jaartallenlijst met verschillend gekleurde horizontale stroken ter aanduiding van verschillende landen bevatten, (c) een platenatlas der Nederlandse en wereldgeschiedenis met 223 afbeeldingen, (d) een kaartenatlas van Nederland en de overige wereld, waaronder kaartjes van bekende veldslagen en plattegronden van grote steden, 72 blz., en (e) een register op de Nederlandse geschiedenis (blz. 227-232) alsmede een register op de wereldgeschiedenis (blz. 233-278).

De E.H.A. wil dus heel veel mededelen, maar wie teveel wil zeggen, zegt weinig. Een oude geschiedschrijver (was het Macchiavelli?) heeft geschreven, dat geschiedenis alleen belangwekkend is als zij uitvoerig beschreven is. Daarin zit veel waars. Ik geef boven de al te summiere E.H.A. de voorkeur aan afzonderlijke platenatlassen, kaartenatlassen en jaartallenlijsten, de laatste overzichtelijk in kolommen per gebied of volk ingedeeld, in plaats van de historiografieken op blz. 41-88.

De platen vormen ontegenzegglijk een fraaie afdeling in de E.H.A. Het best geslaagde deel van de E.H.A. bestaat uit de duidelijke kaarten. De samenstellers van de E.H.A. hebben terecht gewaakt tegen de zo veelvuldige overlading van kaarten, doch zijn niet altijd ontkomen aan onoverzichtelijkheid daarvan, bijvoorbeeld kaart 22 en 30.

De E.H.A. is toch wel in de eerste plaats bestemd voor Nederlandstaligen. Daarom valt het op, dat de Nederlandse kaarten 10 blz. beslaan, tegenover de overige kaarten 61 blz. Van de landaanwinningsactiviteit der Nederlanders, de uitbreiding van het Nederlandse koloniale rijk en de Nederlandse beschaving over de wereld is niets terug te vinden, afgezien van Nederlands Oost- en West-Indië op kaart 8. België na de Middeleeuwen wordt veronachtzaamd. De taalgrens tussen Nederlands (Vlaams) en Frans (Waals) is op geen kaart te vinden. Van Zuid-Afrika is alleen een klein, gebrekkig kaartje der twee Boerenrepublieken op kaart 58 opgenomen.

Deze verschuiving van de nationale naar de internationale benadering der geschiedenis is typisch voor West-Europa in deze tijd met zijn verzwakkende nationale geest. Toch vind ik de veronachtzaming van Nederlands verleden in de E.H.A. teleurstellend. Al is het Nederlandse volk klein en heeft het zijn overzeese gebieden verloren, het heeft echter een opvallend grote invloed op de wereldgeschiedenis in de 17e eeuw gehad en de wereld vele beschavingsgoederen geschonken.

Van Palestina in de tijd van de Bijbel en van de tochten en invallen der Skandinaviërs in Europa in de 8e tot 11e eeuw vindt men in de E.H.A. niets.

Hier volgen nog enige correcties. Bij afbeelding 120 en 121 wordt vermeld, dat de 17e eeuw is gekenmerkt door de strijd tussen de absolutistische en de meer democratische regeringsvorm in Engeland en Nederland. In plaats van de democratische kan men beter spreken van de aristocratische regeringsvorm, nagestreefd door de vermogende burgerstand.

Op kaart 56 is het uiterste Noordoosten van Brazilië als Nederlands grondgebied in 1624-1661 aangeduid. Dit is onjuist, de Nederlandse bezetting in Brazilië heeft

geduurd van 1630 tot 1654 en heeft tydelijk een veel groter gebied omvat. Kaart 8 geeft een beter beeld hiervan. Waarom staat op kaart 60 „Pacific” in plaats van Stille of Grote Oseaan? Op kaart 61 is de Unie van Zuid-Afrika aangeduid als uit het Britse Gemenebest getreden, maar is Zuidwest-Afrika aangegeven als gebied binnen dat Gemenebest! Dezelfde fout is gemaakt op kaart 64. Daar is bovendien de Republiek van Zuid-Afrika (zonder Zuidwest-Afrika) aangeduid als behorende tot het neutrale blok saamen met India en de nuwe swarte Afrikastaten! De saamenstellers weten blykbaar niet, dat Simonsstad by Kaapstad by verdrag tot basis van de Britse vloot is verklaard. Er zyn meer slordigheden op de kaarten in de E.H.A., welke vragen om verbetering.

De E.H.A. is een proefneming met aantrekkelike kanten, welke als geheel echter is misluk.

C. de Jong.

Von Gablentz, O. M.: Die Berlin-Frage in ihrer weltpolitischen Verflechtung 1944-1963, pp. 46, R. Oldenbourg Verlag, München, 1963.

Bogenoemde publikasie is deel 13 van die reeks *Dokumente und Berichte* van die *Forschungsinstitut der Deutschen Gesellschaft für Auswärtige Politik* en is 'n suiwer wetenskaplike studie van die Berlynse vraagstuk soos dit sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het. Dit behandel die lotgevalle van Berlyn as hoofstad van die besette Duitse Ryk (1945) binne die raamwerk van die besettingsbeleid van die vier moonthede, die geskiedenis van die blokkade en die verdeling, die posisie van Berlyn in die verdeelde Duitsland en in die lig van die verdrae van Parys. Dan volg die geskiedenis van Berlyn van 1955-1958, die bou van die Berlynse Muur en die uitwerking van die wêreldkrisis van 1962-1963 (Kuba) op die Berlynse vraagstuk. As gevolg daarvan het die swaartepunt tydelik van Berlyn na Kuba verskuif en het die Russiese houding ten opsigte van Berlyn enigsins verslap. Die skrywer is tereg van oordeel dat die vraagstukke aangaande Berlyn en die toekoms van Duitsland aan die orde van die dag sal bly en dat die verloop van onderhandelings in dié verband, ten nouste saamhang met die magsverhoudings in die wêreldpolitiek. Dit is die plig van die Duitse Bondsrepubliek en sy Westerse bondgenote om te sorg vir die instandhouding van die internasionale besetting van Berlyn (vier magte) en om die verbindings oor land en in die lug met die Weste oop te hou. Dit is, kortliks, die gevolgtrekkings waartoe die skrywer kom, gevolgtrekkings wat ons dikwels daaraan laat dink dat 'n toestand van *status quo* ingetree het. Dit hang van ontelbare faktore af of hierdie toestand op vredeliewende wyse of deur wapengeweld sal verander, of Berlyn as 'n eiland in die oseaan sal voortbestaan of weer sy historiese plek sal inneem as die hoofstad van 'n herenigde Duitse Ryk. Slegs die toekoms sal hierdie vrae kan beantwoord, vrae wat die oorwinnaars van 1945 hulle self vermoedelik nooit gestel het nie. Het hulle die draagkrag van hulle besluite van 1944-1945 ooit besef?

Jan Ploeger.

Mazar, Benjamin; Davis, Moshe; Sasson, Ben, Chaim, H., edited by: The Illustrated History of the Jews, pp. 408, \$30.00, The Israeli Publishing Institute Jerusalem, Harper and Row, Publishers, New York, 1963.

Die doel van hierdie boek is om 'n beknopte oorsig van die Joodse geskiedenis vanaf die begin tot die hede te gee. 'n Hele reeks deurlugtige outoriteite op die verskillende periodes van die lang geskiedenis van die Joodse volk het meegewerk aan hierdie omvattende werk waarin die leser as 't ware op 'n dag na al die uithoeke van die aarde geneem word, want dit is die geskiedenis van 'n volk, verspreid oor die aarde en vir die grootste deel van sy bestaan ontstoke van sy eie vaderland en regering. Die tydspan wat beslaan word strek oor ruim 3,700 jaar en dit spreek dus vanself dat die leser hier nie na gedetailleerde geskiedskrywing wat in allerlei fyn besonderhede afdaal, moet soek nie. En tog bestaan die werk ook nie net daarin dat daar slegs 'n paar breë riglyne waarlangs die veelbewoë geskiedenis van die volk sig moesaam voortbeweeg het, getrek word nie. Dit was m.i. moontlik nie net omdat elke hoofstuk aan 'n bepaalde historiese periode gewy is nie, maar veral omdat elke tydvak deur outoriteite behandel is aan die hand van die ryk verskeidenheid bronne wat daaroor handel.

Die geskiedenis van die Jode is geweef rondom twee aspekte, t.w. hulle godsdiens en die heimwee na die land wat aan Abraham met 'n eed belof is en waarheen hulle as volk nou alreeds drie keer uit vreemde oorde teruggekeer het. Sal dit nou finaal wees, of gaan die geskiedenis van die verstrooiing hom weer herhaal? Dit is 'n vraag wat hom telkens weer opdring. Omdat die opkoms en bestaan van die moderne Staat Israel so 'n belangrike plek inneem in die Jodedom van die hede, is ruim een derde van die geskrewe teks in die boek aan die realisering van hierdie ideaal en die faktore wat daartoe bygedra het, afgestaan. En terwyl jy die boek lees kom 'n mens nie net onder die besef hoedat 'n swerwende volk, wie se vader 'n swerwende Arameër genoem word, weer huis toe gegaan het nie, maar ondervind jy ook al gaande hoedat die taal van die vadere weer lewend en vaardig geword het in die mond van die nuwe geslag.

'n Mens mag van die outeurs verskil oor die interpretasies van sekere historiese gebeure, soos bv. die kwessie dat al die stamme nie na Egipte afgetrek het nie (p. 23) of die sg. aanpassingsteorie m.b.t. die name in die beskrywing van die verdrukking in Egipte en die uittog (p. 33), maar daar sal altyd waardering betuig moet word vir die hoë kwaliteit geskiedskrywing wat hier gelewer is.

En tog was geskiedskrywing nie die enigste doel met hierdie boek nie — dit was selfs nie die hoofdoel nie — want die verlede herleef in hierdie boek nie net danksy die geskrewe woord nie, maar veral op grond van die ryke verskeidenheid illustrasies waarvan 'n ruime persentasie in kleur afgedruk is. Daar is 134 bladsye wat net deur kleurafdrucke beslaan word. Voeg hierby die feit dat daar op elke ander bladsy nog een (of meer) afdrucke gereproduceer is en dan kry u 'n indruk van die rykdom illustrasiemateriaal (wat in sy hoeveelheid ook sy verskeidenheid vertoon), wat in die boek aangebied word. Ongelukkig word daar nie altyd gesê vanwaar die oorspronklike gekry is nie — dog die lang lys dankbetuigings op p. 11 gee 'n indruk van die talle versamelings wat gefynkam is om hierdie illustrasiemateriaal te versamel en te keur.

Die boek is geskrywe vir die wye leserspubliek en daarom mag die suiwer akademiese begeertes, waarvan enkele hierbo genoem is, wat tydens die lees van die boek by 'n mens opkom, nie al te swaar weeg nie. Die uitgewers het uitmuntend in hulle doel geslaag om 'n pragwerk daar te stel en deur woord en beeld die verlede te laat spreek sodat elke wetenskaplike en belangstellende leser daar vir baie jare lank veel genot en lering uit sal kan put.

A. H. van Zyl.

Burman, Jose: Safe to the Sea, pp. 167, R1-85, Human & Rousseau, Kaapstad, 1962.
Burman, Jose: So High the Road, pp. 157, R3-50, Human & Rousseau, Kaapstad, 1963.

Dit skyn by die lees van hierdie twee werke (en ons verneem dat die skrywer op die oomblik aan 'n derde boek oor die skilderagtige Tuinroete besig is), asof die medikus, wyle dr. E. E. Mossop, wat deur sy naartige argief- en veldwerk soveel van die geskiedenis van ons ou binnelandse reisigers in die westelike dele van Kaapland uitgepluis en te boek gestel het, in die Kaapstadse prokureur Burman 'n waardige opvolger gevind het. Laat ons egter dadelik sê dat daar wel verskil is tussen die werk van hierdie twee landloper-historici. Mossop se argiefstudie was baie meer toegespits op tekste van reisjoernale en veel meer uitgebreid en diepgaande as dié van Burman. Maar aan die ander kant weer was die spore wat Mossop gevolg het, meestal dié waar sy motor ook kon kom. In die werk van Burman sien ons die vrug van deeglike bronnestudie (meestal van sekondêre aard, behalwe die raadpleging van grondbriewe), maar bowenal bewyse van heelwat klim en klouter, stap en inkruipe in bosbegroeide plekke en by wyle ook 'n kanovaart.

Sy eerste werk wy Burman aan die ongewone tema van die halfvergete riviertjies van die Kaapse Skiereiland wat sedert die vroegste dae in ons geskiedenis verneld staan. Die ereplek kry Van Riebeeck se *Versche Rivier*, tans die toegemesselde stroom wat as riool onder Kaapstad deurloop. Daarnaas die ewe historiese Liesbeeckrivier van sy oorsprong in Leendert Cornelissen se bos, wat Kirstenbosch geword het, tot by die see. Daarna ondersoek hy op sy speurtoegte die he'e reeks met hul skilderagtige Hollandse name uit die dae voor die niksseggende roes van Engelse plekname oor die Kaap en sy omgewing versprei het wat soveel van die mooi oorspronklike naamgewing vernietig en verbrou het. So volg ons die Swarttrivier, die Elsjeskraalrivier (in die Tygerberg), die ou Soutrivier, die Spaanschematrivier (en hy sê nie eens dat die woord 'n Spaanse riksdaler beteken nie!); die Keyzersrivier, Dieprivier, die vyf vleie van die Suid-skiereiland, die Kuilsrivier met sy ou aanleg „De Kuylen”, die Silwermyn-, Else- en Klaasjagersrivier. Wat 'n weelde van verhaaltjies en gegewens word nie om dié name en die oudste plase aan hul oewers vervleg nie. Dis 'n mooi boek wat iets van die vergange Kompanjiesdae adem.

Van die Kaapse riviertjies gaan dit in Burman se tweede boek — van groter formaat en ryker verlug met plate uit Latrobe en baie eie foto-opnames — na die kruine van die Wes-Kaapse berge en die oudste bergpasse daaroorheen. Waar die duidelike sketskaartjies in die riviereboek ontbreek, het ons hier 'n nele nuttige versameling, een om elke roete te illustreer wat die skrywer per motor en te voet ondersoek het. Soos die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, in 'n kort voorwoord verklaar — 'n fassinierende boek om te lees, en leersaam ook omdat dit ons plaaslike geskiedenis uit ongewone hoeke belig. Naas die verhaal van die meer bekende paaie en hul bouers (Bainskloof, Montagupas, Mitchellspas, die Hottentotshollandkloof en Du Toitskloof), het die skrywer verrassende ontdekkings by die minderbekendes geboekstaaf: die Platte Cloof by Riversdal na die Langkloof, die ou Attaquaskloof by Herbertsdale, die Duiwelskop van die Langkloof na Knysna, en die Elandskloof, poort na die Bokkeveld. Hier oral was die skrywer letterlik op die voetspore van die ou reisigers: Thunberg, Sparman, Le Vaillant, Masson, Barrow, Lichtenstein en Burchell, wie se werke hy dan oral ook ter hand neem om kleur en aktualiteit by sy studie te voeg.

Wie só die geskiedenis van ons pionierstyd vir die belangstellende leek kan laat leef, mag meer hiervan aanbied. Dis baanbrekerswerk van betekenis en met net genoeg letterkundige versiersel om dit aantreklik te maak. Jammer dat daar geen leeslys bygevoeg is nie.

W. J. de Kock.

Risseeuw, P. J.: Zover de wereld reikt. De avontuurlijke geschiedenis van Nederlandse pioniers die uitzwierven over het rond der aarde, pp. 206, met afb., Baarn, 1963.

Tydens die afgelope jare het die skrywer van bogenoemde werk hom o.m. beywer om, in die vorm van historiese romans sowel die Nederlandse samelewing in die sewentiende eeuse Nieuw-Amsterdam (N. York; *Anneke Jans*, 1959) as die lotgevalle van die Nederlandse Gereformeerdes wat omstreeks 1850 na Noord-Amerika uitgewyk het as gevolg van godsdienstige en ekonomiese omstandighede (*Landverhuizers*, 1959) te beskryf. Ongetwyfeld het Risseeuw deur sy aantreklike skryftalent daarin geslaag om in Nederland in breë kringe die belangstelling vir die genoemde tydperke te laat herleef, net soos S. E. Gosselink in 1945 in *Roofs over Strawtown* (Grand Rapids) in Amerika 'n soortgelyke poging aangewend het.

Uit 'n suiwer historiese oogpunt beskou is die jongste werk van Risseeuw ongetwyfde van meer blywende waarde. Onder andere is dit hoofsaaklik toe te skryf aan die skrywer se besluit om dié keer 'n aantal biografiese sketse aan die leser voor te lê. Dit lei, uit 'n historiese oogpunt beskou, vanselfsprekend tot die weergawe van meer feitlike kennis, iets wat by gebrek aan 'n oorvloedige hoeveelhede feite vanselfsprekend in die historiese roman nie altyd moontlik is nie.

Die jongste werk van Risseeuw kan in twee, of beter drie dele verdeel word. Uit die sewentiende eeu het hy sy aandag toegespits op die einde van die Nederlandse bewind op Formosa, met as hoofpersoon ds. Hambroek, en op die begin van die pioniersgeskiedenis van ons land (Jan van Riebeeck). Met voldoende geskiedkundige gegewens tot sy beskikking het hy daarin geslaag om die betekenis van Van Riebeeck se werksaamhede aan die suidpunt van ons land duidelik te stel.

Aan die negentiende eeuse emigrasiestroom uit Nederland en die neerslag daarvan in Noord-Amerika herinner die briewe van Arnoldus Verstegen uit Wisconsin, terwyl die lewe en werk van dr. E. Kempkes hierdie lyn tot vandag deurtrek. 'n Voorbeeld van 'n geslaagde Nederlandse landverhuiser van resente datum is George Horlings (N. Amerika). Dieselfde beeld ten opsigte van ons eie land verkry die leser in die lewensbeskrywing van die Johannesburgse nyweraar Leslie Lulofs, wat gesien word teen die agtergrond van die opkoms van die Witwatersrand. Aan die sendingwerk in die voormalige Oos-Indië herinner die skets oor dr. Adriani ons, 'n deurslaggewende bewys dat tydens die sogenoemde koloniale tydperk daar ongetwyfeld meer goeds verrig is as wat vandag in sekere kringe erken word. Aan die werksaamhede van Nederlandse emigrante in ons dae in Suid-Amerika herinner die lewensbeskrywing van Don Diego Zijlstra, die gegewens oor die Nederlandse Nedersetting Carembei en die wêreldreis van D. Tober (N. Zeeland).

Waar ons land vandag 'n dringende behoefte aan immigrante het kan die jongste werk van Risseeuw aanbeveel word as 'n bewys van wat verrig kan word deur wilskragtige immigrante wat bereid is om hulle met die wel en wee van hul nuwe vaderland te vereenselwig.

Die teks van *Zover de wereld reikt* is boeiend, die geskiedkundige gegewens verantwoord, die algemeen menslike sterk beklemtoon sodat ons in elkeen van die hooffigure godsdienstige, lewende en werkende mense ontmoet. Dit is 'n voorreg om, op die wyse soos Risseeuw hulle beskryf het, vir die eerste keer met hulle in aarakings te kom of hulle in 'n nuwe vorm weer te mag ontmoet.

Thayer, Charles W.: *Guerilla*, pp. 195, Harper & Row, Publishers, New York, 1963.

The possession of the atomic bomb by the Western powers as well as the Communist *bloc* has created a military equilibrium which led certain political and military thinkers to believe that war as a means of ultimate political decision may be obviated. This approach had a false premise in that it presupposed the possibility of a peaceful condition of co-existence between two world powers locked in an ideological struggle for world dominance. Russia and her satellites recognised this basic fact immediately after the destructive power of nuclear weapons was brought home to them. As realistic geo-politicians they rationalised the new military situation thus created and reverted to the concept of localised war in which the necessity of using nuclear weapons was eliminated. They thus came up with the idea of guerilla warfare in which the handgrenade, the rifle and the knife became once more basic weapons. It would, from a military and political point of view, simply be unthinkable to use an atomic bomb on a hidden insurgent group in Indo-China as a means of eliminating Communist guerilla activities in such an area.

By reverting to irregular warfare in order to gain their political goals in certain uncommitted or non-aligned countries or countries committed to the support of the Western Powers but whose military preparedness and general underdevelopment precluded any military cohesion or defence, Russia and China took the initiative. In these operations these two countries gained spectacular successes.

Mr. Thayer, in this book of his, probes into the basic causes of guerilla conflicts and analyses the sources of their amazing power but also their hidden weaknesses.

Since World War II guerilla warfare has become the predominant form of armed conflict and because the Communist *bloc* was the first to understand and evaluate its political significance, they have achieved some spectacular results in countries like Indochina and Cuba, while in a country like Algeria the application of guerilla tactics exhausted the French determination to maintain political control. In countries like Cyprus and Kenya the guerillas were defeated, but only after exhaustive military efforts and far-reaching political concessions were made. In the latter sense Thayer points out that from a military point of view guerillas hardly ever win wars, but seen from a political point of view, the adversaries often lose the war.

Guerilla warfare as a means of attaining an ultimate political objective is cheap from a point of view of manpower as well as equipment, while its political consequences may be far-reaching. Russia has realised that its effectiveness could, under certain circumstances, be as conclusive as when fully equipped armies are employed. A further consideration is that it allows for the employment of native inhabitants of backward areas rather than the use of own troops, which, if sustained over a long period, could and often does have the net result of exhausting the opponent.

The writer then examines in detail the various forms that guerilla warfare take depending on the nature of the terrain and the political objective envisaged. He analyses its leadership and the cause for which it fights, as well as some of the other peculiarities and requirements of unconventional warfare which distinguishes it from more familiar forms of warfare. He is further not blind to its capabilities and its vulnerabilities.

Thus far the classical studies on the art of war, including that by Clausewitz, have paid little attention to the theory and philosophy of unconventional war. The result has been that especially the American military leaders who have been trained primarily in conventional warfare, have often been at a loss to cope with a type of warfare for which neither their training nor experience have fitted them.

The writer analyzes how, in the period of cold-war following immediately after World War II, the Western Powers had vainly attempted to meet the challenge of

unconventional warfare initiated by Russia and China. He points out that this type of warfare is neither an invention nor a monopoly of the Communist countries. It is a particular form of warfare peculiarly suited to the conditions of our age, as Jack Raymond, Defence Affairs correspondent of the Washington Bureau, so aptly puts it.

Mr. Thayer writes with authority because he has had firsthand experience of communist military and political tactics. During World War II he served with Tito's Partisans in Yugoslavia as an American liaison officer. He is further a graduate of West Point and has had a distinguished service as an American career diplomat.

This book is a must for students of military history, as well as the military personnel of our defence force. T. S. van Rooyen.

Siersksma, Kl.: Nederlands Vlaggenboek. Prismareeks 796, pp. 162 met afb., Utrecht-Antwerpen, 1962.

In hierdie publikasie word agtereenvolgens aandag gewy aan die terminologie in verband met vlae, aan die totstandkoming van die Nederlandse vlag, die ryksvaandel, die provinsiale en die munisipale vlae van Nederland. Aangesien daar in Nederland geen sentrale organisasie in verband met die registrasie van vlae bestaan nie, omdat die gebruik van 'n vlag as 'n onvervreembare reg beskou word, moes die skrywer 'n groot aantal bronne raadpleeg en 'n aansienlike hoeveelheid navorsingswerk verrig om hierdie eerste boek van sy soort met betrekking tot Nederland tot stand te bring. Een van sy bronne (bl. 154) was die werk: *Meest bekende Zee-Vlaggen des Waerelds, getekend op 't O.I. Comp. Schip Amsterdam in de Tafelbaai 1782 door D. Muller. Verbeterd te Hengelo in Gelderland. Anno 1800* waarvan die manuskrip in Amsterdam berus.

In verband met die terminologie verwys ons na die *broek* van die vlag, d.i. die stewige band waardeur die vlagtou loop, die *broekkant* van die vlag, die *broektop*, die *broekhoek*, die *vlaghoek* en die *uitwaaierende gedeelte*.

Ook vir ons eie landsvlag se geskiedenis is die geskiedenis van die Nederlandse vlag (kleure vasgestel in 1937) van belang. In 'n besluit van 1796 is o.m. *de Nationale vlag van deezee Staat zal zijn de gewoone en altoos in gebruik geweest zijnde Bataafsche of zogenaamde Hollandsche vlag* met sy rooi, wit en blou bane. Voor die tyd was, aldus die skrywer, verskillende ander vlae in gebruik soos die Leeuvlag van die State-Generaal, die Prinsevlag (oranje, wit, blou; later rooi, wit, blou) en die oranjevlag van die Geuse. In 1937 is, ook na aanleiding van die rooi (of oranje) van die Nederlandse vlag, die rooi sowel as die blou noukeurig omskryf. Riglyne in verband met die gebruik van die oranjewimpel dateer van 1948.

Met betrekking tot die elf Nederlandse provinsies is besluite aangaande die invoering of herinvoering van provinsiale vlae in die jare 1947-1959 geneem. In verband met munisipale vlae wys die skrywer daarop dat munisipaliteite as simbole kan gebruik die wapen, die standaard, die vlag en die munisipale kleure. Veral tydens die afgelope jare het verskeie munisipaliteite in Nederland nuwe belangstelling in dié rigting begin toon en beskik 'n groot aantal van hulle tans oor 'n eie vlag, 'n gebruik wat in ons land — ook waar dit ons provinsies betref — ongetwyfeld navolging verdien. Daar sal moet gewaak word teen ontwerpe wat geskiedkundig of vlaekundig onverantwoord is.

Siersksma se jongste werk verdien ernstige studie. Dit is uitstekend gedokumenteer. Ten slotte nog die volgende opmerking. Onder die Nederlandse publikasies op die gebied kom ook voor: *De vlaggen der voornaamste zeevarende volken, een verzameling door Jacob Swart, te Amsterdam bij de wed. Gerard Hulst van Keulen*. Die samesteller was vermoedelik die Amsterdamse ouderling wat 'n lewendige belangstelling in die Voortrekkers aan die dag gelê het en die vader van N. J. R. Swart. Jan Ploeger.